# HOOFSTUK 4 : Prysteorie

## 1. Vraag

### 1.1 Wat word met die term *vraag* bedoel?

Vraag verwys na die hoeveelheid goedere en dienste wat verbruikers bereid is om teen verskillende pryse in 'n sekere tydperk te koop.

**Vraag bestaan uit drie elemente:**

- Verbruikers se behoefte om 'n produk te besit.
- Verbruikers se vermoë om vir 'n produk te betaal.
- Verbruikers se bereidwilligheid om die prys wat gevra word, te betaal.

Verskeie faktore beïnvloed die manier waarop huishoudings inkomste bestee.

Ceteris paribus ondersoek die invloed van 'n enkele faktor op besteding.

Ceteris paribus is 'n Latynse frase en dit beteken : Alle ander faktore bly konstant.

Voorbeeld : Huishoudings bestee meer aan kruideniersware as brandstofpryse [illegible] (ceteris paribus).

### 1.2 Die vraagskedule en vraagkurwe

- Grafieke help om die ekonomie beter te verstaan.
- Grafieke toon die verhouding tussen veranderlikes aan.
- Prys beïnvloed die vraag na 'n produk.
- Indien die vraag na 'n produk op 'n grafiek voorgestel word, staan dit as die vraagkurwe bekend.
- Ons gebruik die vraagskedule om 'n vraagkuwe op te stel.

### 1.2.1 Vraagskedule

'n Vraagskedule is 'n tabel wat hoeveelheid produkte wat teen verskillende pryse aangevra word, aandui.

**Vraagskedule vir worsbroodjies:**

| Prys (R) | Hoeveelheid gevra (Qv) |
|---|---|
| 10 | 300 |
| 20 | 250 |
| 30 | 200 |
| 40 | 150 |
| 50 | 100 |
| 60 | 50 |



### 1.2.2 Vraagkuwe


'n Vraagkurwe is 'n lyngrafiek met 'n negatiewe gradiënt wat die verhouding tussen die hoeveelheid produkte wat teen verskillende pryse aangevra word, aandui.

*Gebruik die data in die vraagskedule vir worsbroodjies om die vraagkurwe op 'n assestelsel te trek deur die volgende stappe te volg:*

1. Trek die x-as (horisontaal) en die y-as (vertikaal).
2. Benoem die asse → Hoeveelheid op x-as en Prys op y-as.
3. Kies 'n geskikte skaal → Gebruik inkremente van 10 vir prys (0 - 70) en 50 vir hoeveelheid (0 - 350)
4. Stip die punte aan → Trek 'n punt waar R10 en 300 mekaar ontmoet, en doen selfde vir ander prysvlakke (bv. R60 en 50).
5. Verbind die punte → Trek 'n soliede lyn deur die punte en benoem die lyn as "V" (Vraagkurwe)

**Vraagkurwe eienskappe**

- Vraagkurwe strek ondertoe van links na regs
- Prys word op die y-as (vertikaal) voorgestel.
- Hoeveelheid word op die x-as (horisontaal) voorgestel.




VOORBEELD GR 9 KWARTAAL 2 EBW

## 1.3 Die wet van vraag




**Die wet van vraag stel die volgende:**

- Indien prys van goedere toeneem, neem hoeveelheid wat gevra word af.
- Indien prys van goedere afneem, neem hoeveelheid wat gevra word toe.
- Opsommend: **P↑ Qv↓** en **P↓ Qv↑.**

| | |
|---|---|
| **P** | Prys |
| **Qv** | Hoeveelheid gevra |

## 1.4 Verandering in vraag

Verskeie faktore beïnvloed vraag:

### Prys van substituutprodukte:

- Substituutprodukte is produkte wat vir dieselfde doel aangewend word.

→ Voorbeeld: Plastiekbottels en glasbottels

→ Die prys van een produk beïnvloed die vraag na 'n substituutproduk.

→ Indien die prys van plastiekbottels styg, sal die vraag na glasbottels styg.

### Prys van komplementêre produkte:

- Komplementêre produkte is produkte wat saam gebruik word.

→ Voorbeeld: Rakette en tennisballe.

Die prys van een produk beïnvloed die vraag na 'n komplementêre produk.

→ Indien die prys van rakette styg, sal die vraag na tennisballe daal.

### Seisoen:

→ Die seisoen beïnvloed die vraag na produkte.

→ Voorbeeld: Die vraag na komberse is groter in die winter as in die somer.

### Verandering in huishoudings se inkomste:

→ 'n Toename in huishoudings se inkomste lei tot 'n toename in vraag.

→ 'n Salarisverhoging kan byvoorbeeld hierdie toename veroorsaak.

### Reklame deur besighede:

→ Reklame maak verbruikers bewus van produkte.

→ Reklame kan tot 'n styging in die vraag na goedere lei.

| Faktor: | Invloed op die vraagkurwe: |
|---|---|
| **Verandering as gevolg van prys** | Vraagkurwe skuif nie → hoeveelheid gevra skuif op die kurwe. |
| **Verandering as gevolg van ander faktore** | Die hele vraagkurwe skuif na regs of links. |

VOORBEELD
GR 9 KWARTAAL 2 EBW


# 1.4 Verandering in vraag

## 1.4.1 Styging in vraag

- Vraagkurwe skuif na regs, indien daar 'n styging in vraag is (nie as gevolg van prys nie).
- Veronderstel dat daar as gevolg van 'n rugbytoernooi 'n toename in vraag na worsbroodjies by julle skool se snoepie is.
- **Let wel:** Die prys verander nie.
- Die vraagskedule lyk nou so:

| Prys (R) | Hoeveelheid gevra voor die toernooi (V1) | Hoeveelheid gevra gedurende die toernooi (V2) |
|---|---|---|
| 20 | 350 | 550 |
| 30 | 300 | 500 |
| 40 | 250 | 450 |
| 50 | 200 | 400 |
| 60 | 150 | 350 |

Die vraagkurwe skuif na links.





## 1.4.2 Daling in vraag

- Die vraagkurwe skuif na links, indien daar 'n daling in vraag is (nie as gevolg van prys nie).
- Veronderstel dat daar 'n afname in die vraag na worsbroodjies by julle skool se snoepie is.
  → sommige leerders het siek geword nadat hulle daarvan geëet het.
- **Let wel:** Die prys verander nie.
- Die vraagskedule lyk nou so:

| Prys (R) | Hoeveelheid gevra voordat kinders siek geword het (V1) | Hoeveelheid gevra nadat kinders siek geword het (V2) |
|---|---|---|
| 20 | 300 | 250 |
| 30 | 250 | 200 |
| 40 | 200 | 150 |
| 50 | 150 | 100 |
| 60 | 100 | 50 |

- Die vraagkurwe skuif na regs.




**ONTHOU:**

**Styging in vraag :** Vraagkurwe skuif na regs

**Daling in vraag :** Vraagkurwe skuif na links

VOORBEELD GR 9 KWARTAAL 2 EBW

# 2. Aanbod

## 2.1 Wat word met die term *aanbod* bedoel?

Aanbod verwys na die hoeveelheid goedere en dienste wat produsente bereid is om teen verskillende pryse in 'n sekere tydperk te verkoop.

## 2.2 Die aanbodskedule en aanbodkurwe

- Indien die aanbod op 'n grafiek voorgestel word, staan dit as die aanbodkurwe bekend.
- Ons gebruik 'n aanbodskedule om 'n aanbodkurwe op te stel.



### 2.2.1 Aanbodskedule

'n Aanbodskedule is 'n tabel wat die hoeveelheid produkte wat teen verskillende pryse aangebied word, aandui.

**Aanbodskedule vir worsbroodjies:**

| Prys (R) | Hoeveelheid aangebied (Q) |
|---|---|
| 10 | 200 |
| 20 | 300 |
| 30 | 400 |
| 40 | 500 |
| 50 | 600 |
| 60 | 700 |

### 2.2.2 Aanbodkurwe


'n Aanbodkurwe is 'n grafiek met 'n positiewe gradiënt wat die verhouding tussen die hoeveelheid produkte wat teen verskillende pryse aangebied word, aandui.

*Gebruik die data in die aanbodskedule vir worsbroodjies om die aanbodkurwe op 'n assestelsel te trek deur die volgende stappe te volg:*

1. Trek die x-as (horisontaal) en die y-as (vertikaal).
2. Benoem die asse → Hoeveelheid op x-as en Prys op y-as.
3. Kies 'n geskikte skaal → Gebruik inkremente van 10 vir prys (0 - 70) en 100 vir hoeveelheid (0 - 800)
4. Stip die punte aan → Trek 'n punt waar R10 en 200 mekaar ontmoet, en doen selfde vir ander prysvlakke (bv. R60 en 700).
5. Verbind die punte → Trek 'n soliede lyn deur die punte en benoem die kurwe as S (Aanbodkurwe)

**Aanbodkurwe eienskappe**

- Die aanbodkurwe strek boontoe van links na regs.
- Prys word op die y-as (vertikaal) voorgestel.
- Hoeveelheid word op die x-as (horisontaal) voorgestel.




VOORBEELD
GR 9 KWARTAAL 2 EBW

## 2.3 Die Wet van Aanbod

- Indien die prys van goedere styg, styg die hoeveelheid goedere wat aangebied word.
- Indien die prys van goedere daal, daal die hoeveelheid goedere wat aangebied word.
- Opsommend: **P ↑ en Qa ↑ ; en P ↓ en Qa ↓.**

| | |
|---|---|
| **P** | Prys |
| **$Q_a$** | Hoeveelheid goedere wat deur produsente aangebied word. |

## 2.4 Verandering in Aanbod

### Daling in produksiekoste:

Die hoeveelheid goedere wat deur produsente aangebied word, sal styg indien produksiekoste daal.

### Klimaatstoestande:

Klimaatstoestande (bv. droogte) beïnvloed die hoeveelheid goedere wat beskikbaar is.

### Oorlog:

Oorloë in ander dele van die wêreld beïnvloed invoere.


→ Tekort aan gas en graan het bv. ontstaan tydens die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne.

## 2.4.1 Styg in aanbod

- Indien daar 'n toename in aanbod is (nie as gevolg van prys nie), skuif die aanbodkurwe na regs.
- Veronderstel dat daar 'n toename in die hoeveelheid worsbroodjies is wat tydens die rugbytoernooi aangebied word.
- **Let wel:** Die prys verander nie.
- Die aanbodskedule lyk nou so:

| Prys (R) | Aanbod voor rugbytoernooi (A1) | Aanbod na rugbytoernooi (A2) |
|---|---|---|
| 10 | 100 | 600 |
| 20 | 200 | 700 |
| 30 | 300 | 800 |
| 40 | 400 | 900 |
| 50 | 500 | 1 000 |
| 60 | 600 | 1 100 |

**Die aanbodkurwe skuif na regs**





## 2.4.2 Daling in aanbod

- Aanbodkurwe skuif na links, indien daar 'n afname in aabod is (nie as gevolg van prys nie).
- Veronderstel daar is 'n afname in die hoeveelheid worsbroodjies wat aangebied word weens 'n broodtekort.
- **Let wel:** Die prys verander nie.
- Die aanbodskedule lyk nou so:

| Prys (R) | Hoev. aangebied voor tekort (A1) | Hoev. aangebied tydens tekort (A2) |
|---|---|---|
| 10 | 500 | 200 |
| 20 | 600 | 300 |
| 30 | 700 | 400 |
| 40 | 800 | 500 |
| 50 | 900 | 600 |
| 60 | 1 000 | 700 |

**Die aanbodkurwe skuif na links.**




VOORBEELD GR 9 KWARTAAL 2 EBW

# 3. Prys

## 3.1 Wat word met die term prys bedoel?

Prys verwys na die hoeveelheid geld wat verbruikers bereid is om op 'n sekere tydstip vir goedere en dienste te betaal.

**Faktore wat prys beïnvloed:**

- Bedrag wat verbruikers bereid is om te betaal.
- Aantal mededingers in die mark.
- Brandstofprys
- Produksiekoste
- Pryse van komplementêre en substituutprodukte.

## 3.2 Marksurplus

Die hoeveelheid produkte wat aangebied word, is meer as die hoeveelheid produkte wat aangevra word.

- Marksurplus veroorsaak 'n prysverlaging.
- Prysverlaging stel produsente in staat om surplusvoorraad te verkoop.
- Voorbeeld: Die snoepie maak 500 worsbroodjies maar verkoop slegs 300.
  → Oortollige worsbroodjies word teen 'n laer prys aangebied om verkoop aan te moedig..

## 3.3 Marktekort

Die hoeveelheid produkte wat aangevra word, is meer as die hoeveelheid produkte wat aangebied word.

- Marktekort veroorsaak 'n styging in pryse.
- Produsente bied goedere aan verbruikers wat bereid is om die hoogste prys te betaal.
- Voorbeeld: Die snoepie het slegs 50 worsbroodjies vir 500 honger leerders.
  → Die snoepie bied dit aan teen 'n hoër prys vir die wat die meeste sal betaal.


## 3.4 Ekwilibriumpunt

Die punt op die assestelsel waar die vraagkurwe en die aanbodkurwe sny.

## 3.5 'n Grafiese voorstelling van marksurplus, marktekort en ekwilibrium

Prysskedule vir worsbroodjies:

| Prys (R) | Hoeveelheid gevra (V) | Hoeveelheid aangebied (A) |
|---|---|---|
| 10 | 600 | 200 |
| 20 | 500 | 300 |
| 30 | 400 | 400 |
| 40 | 300 | 500 |
| 50 | 200 | 600 |
| 60 | 100 | 700 |




**Ekwilibrium:**
Die punt waar vraag en aanbod gelyk is en waar die vraagkurwe en aanbodkurwe sny.

**Ekwilibriumprys:**
Die prys by die snypunt van die vraag- en aanbodkurwe.

**Ekwilibriumhoeveelheid:**
Die hoeveelheid waar hoeveelheid gevra gelyk is aan hoeveelheid aangebied.

VOORBEELD GR 9 KWARTAAL 2 EBW